# OPSAAL 2016



## 2016 Chairmans Report

As we head towards the end of 2016 it is once more the time to put together the Opsaal, that is a review of the year's weekend away trips and rucksack hikes that were arranged during the year.

The hike leaders once again did an excellent job organizing the trips and I thank them all for the effort and time they put in to make the trips enjoyable, and also for their contribution to this edition of Opsaal.

As you read the reports, and view the photos, please give a moment's thought to all the effort that has been put in by the Hettie Wilna and Rose to make this year's Opsaal possible.

2016 has been a very special year for our club being our 30th Anniversary year and also the first time our club membership has exceeded 100 members.

We have also seen a significant increase in the number of people attending our Tuesday and Saturday hikes, with numbers quite often in the late twenties and the early thirties.

I wish all our club members a very Merry Christmas and

everything of the best for 2017.

Mike Wray.





# BUFFELSBAAI. 22-24 JANUARIE 2016

Ons klomp Berg-en-Dalers het 2016 sommer met 'n hoogtepunt afgeskop. Die naweek by Buffelsbaai was heerlik (maar hoe dan anders?)

Vier van ons was al voor middagete by RAASWATER met die ander wat stuksgewys gearriveer en geskarrel het om 'n bedjie êrens te bekom. Dit was nou die 'Huis-oppi-Bult' met die Bo-dorpers wat daar vir twee aande gebly het, terwyl vyf van ons in die 'Onderdorp' in die karavaanpark gebly het. Edwin en Thea was in hul karavaan terwyl drie van ons knus naby hul in tentjies geplak het.


Nadat sommige van ons eers die omgewing gaan verken het, is soos dit hoort, 'n vuur aangesteek vir 'n gesellige braai en kuier daarby.

Saterdagoggend het ons om 8.00 begin stap met Jurie as leier. Die weer was redelik mistig maar dit het stelselmatig verander en heerlik geword. Ons het seelangs gehou tot by die rivier waar almal skoene moes uittrek. Linda is flink deur en was amper aan die oorkant, toe iets skeefloop en ons net gille hoor en sien hoe sy spartel om staande te bly. Maar die stroom was te sterk en het haar haar balans laat verloor. Rina was eerste by en kon Linda toe ondersteun en uithelp. In die proses was haar skoene, sokkies en broek sopnat. Sy wou omdraai, maar met 'n paar geleende droë sokkies is sy toe verder saam. Na ongeveer 7 km swaai 'n paadjie duin-op en dit is waar Mike toe vir my beduie dat as ek wil swem moet ek dit nou doen. So is ek en Anja tussen die rotspoele in vir 'n heerlike swem. Ons het by die ander aangesluit waar hul onder die bome gesit en eet het. Daarna is ons al onder die bome langs aan en later met hout dwarslatte as trappe, hoër op tot by die baken wat baie mooi uitsigte van die hele omgewing bied. Vandaar daal die voetpad af om ons uiteindelik by die pont te bring. Hier was Anja vol ondernemingsgees en drie van ons het by haar aangesluit en deurgeswem, terwyl die ander met die bootjie oor is na die anderkant. Na 'n tweede rus-sessie is ons teerpad langs terug tot by die "BUFFALO BAY TRAIL" voetpad wat links wegswaai vanuit die teerpad. Ons stap weer onder bome en op die duine aan tot by die strand. By die hoof swemplek aangekom, was Angus en Edwin eerste in die water en 'n paar van ons "girls" en Ernest net daarna. Die seewater was koel (Edwin sê KOUD!) maar baie verfrissend. Dit was nodig om die stap van 17 km se stof en sweet so af te was! Daarna is ons na ons onderskeie blyplekke om te verklee vir die aand se tweede braai en saam kuier.

Sondagoggend is besluit om om 7.00 kuslangs te stap tot by Brenton-on-Sea. Dit was laagwater en by Brenton kon ons nie net van bo afkyk op die rotse nie, maar ook gly-gly afstap tot onder waar ons sommer net op die rotse gesit en die mooi om ons ingedrink het. RAASWATER by Buffelsbaai bly 'n wonderlike wegbreek-naweek.

## ROSE KUYPER









WIE KYK VIR WIE





## TSITSIKAMMA – SUNDAY 14 FEBRUARY 2016

### "THE YEAR OF THE INNERSOLE"

Our last day started with a sort of semi-unexpected outburst of rain which soon cleared when we collected gear to start our exit to Stormsriver bridge. During these last few kilometres in nature, Rose's heart was singing the age-old hymn "It is well (echo: it is well), with my soul (echo: with my soul); it is well, it is well, with my soul!" All too soon all 10 of us plus backpacks piled in and on the back of Nico's bakkie to be transported to Boskor sawmill.

On arrival at Jeff's vehicle, everybody was eagerly removing heavy hiking boots to replace it with light sandals. The rest of the group was flabbergasted when Salome suddenly called out: "Who took my innersoles?" After a few seconds of stunned surprise, a few clever and amusing retorts were made. But laughs were cut short with "I am not making a joke. Those innersoles were very expensive and now it is not in my boots anymore!!!" Sulene's fertile imagination had visions of dark figures with night-vision goggles creeping around at night, swopping innersoles with evil intent. To verify their own innocence, a few quickly made sure that the revered items didn't accidentally found their way in their own hiking shoes during the night, because nobody wanted to get on the wrong side of a seasoned lawyer's innersoles. Alas, nobody could unearth the whereabouts of these much wanted objects and all piled nervously into two vehicles, heading for a brunch at Old Nick.

The next 40 kilometres passed as quick as lightning strikes as the disappearance of the costly innersoles were speculated on with passionate concentration in both vehicles.

In the first vehicle theories were thrown around with a great deal of enthusiasm. Jeff always thought that if a person would put on somebody else's shoes (or innersoles in this case), one would immediately know that it's not your own. Now he was not so sure anymore, because Salome walked 3 kilometres with foreign innersoles and she didn't notice the difference. There was a speculation that these highly sought after items were probably still lying at home in the room where her packing was done.

Different theories quickly moved from moderately logical to highly fantastical as each speculation got more and more outrageous. Nico & Annette were eliminated as culprits since they were not sleeping anywhere in the vicinity of Salome's innersoles. The likelihood that Elsa or Elize would do something so horrific was immediately rejected. In the end the most popular proposition was that Jeff formed a "sconspiracy" because he wanted to put his above-mentioned theory to the test. But because his own innersoles would have been too long for Salome's boots, he asked his assistant Lesley to get nail clippers from Doug (in another room) in order to cut his own to size. To do a proper patchwork that would fit his shoes; a needle and cotton from Sulene's back-pack was needed. The "sconspiracy" theorists could not conjecture up a supposed role for Rose, so she was eventually declared an innocent party in the horrendous crime.

After a great deal of frenzied laughter and much wiping of Jeff's tears (since he was the driver), the "sconspiratists" decided that what was discussed in the car, stays in the car. Further, the group should have straight faces as they sit down at the breakfast table, because it was proper not to joke "too soon" about such a serious matter of the lost innersoles. As they were trying on their straight faces, somebody imagined how much effort it will cost to control a giggle if Doug decided to order fish for breakfast = "sole". Then Lesley was wondering how one would approach the subject of one's inner sole (inner soul) in such a sensitive situation and more hysteria broke out in the vehicle. It was then suggested that like the Chinese (?) call a year after a great event; this year should be named "The Year of the Innersole".

On arriving at the other side, Jeff's "sconspiratists" cautiously checked out the expressions on the faces of Nico's passengers and great was the relief when smiles were detected.

Nico's passengers did some detective work during the 40 kilometres and discovered that Annette probably gave Rose's boots to Salome at the swimming pool by accident, because it was the same make and size and were standing close to each other. Jeff's first mentioned theory was thus blown to the Tsitsikamma mountain wind, because here was an example of not only one, but two people, who wore each other's shoes and neither detected anything unusual about it.


Salome only discovered the difference when she saw the mysteriously ordinary inners at the end of the day's hike, while Rose was happily traipsing through the forest that morning on somebody else's highly valuable and custom made innersoles. Consequently, the only innocent party in the "sconspiratist" hypothesis was in effect culpable.

Breakfast was a raucous event and the surrounding clients soon left the immediate area. It was then accepted that Salome and Rose must surely empathize fully with each other now, because of the old proverb that one cannot understand another person unless you walk in their shoes & innersoles - literally. They were thus declared sole-mates.

In the end we realised that what Rose was actually happily singing this morning was "It is well (echo: it is well), with my sole (echo: with my sole); it is well, it is well with my innersole!"

*SULENE TAYLOR*











# TWEE RIVIERE, JOUBERTINA

## 11-13 MAART 2016


Ses Berg-en-Dalers het die tog na Twee Riviere, anderkant Joubertina, aangepak. Doug, Rose en Wilna was reeds 'n dag vroeër daar en reeds uitgerus toe Edwin, Thea en Jurie daar aankom. Almal is hartlik deur die plaas eienaars, Peter en Erna Norris, ontvang en ons maak 'n reuse hoenderpotjie by hulle op die stoep.


Saterdag stap vyf (Wilna uitgesluit) die berge in met hoë verwagtings, maar min wetende dat die Tsitsikamma berge ook hoë hoogtes het om aan te bied. Ons stap langs een van die twee riviere bergop tot teen 'n waterval wat baie meters hoog is. Nou moes daar besluit word of ons links of regs gaan probeer. Links het gewen en daar trek ons onsself aan grasse op soos wafferse bobbejane. Na ietwat van 'n gespook is ons bo die waterval en toe begin die styl klim deur bossies en oor klippe amper regop hemel toe. Elke dan en wan word gerus. Edwin besluit genoeg is genoeg en moeg is moeg. Dit is nog boonop baie warm. Hy en Thea draai om en begin die terugtog. Die ander drie voltooi die klim tot bo en geniet die uitsig van beide Langkloof en Stormsrivier area vanaf een punt. Almal erken die terugtog was net so erg. Met geen paadjie en "bundu bashing" teen 'n redelike helling af, is dit nogal skrikwekend. Jy is nie seker waar jy trap nie maar die lang grasse het goeie vashouplek geword. Ons hande was eintlik seerder as ons voete aan die einde van die oefening. Met dehidrasie van min water in die hitte, val almal in die rivier om net te herstel en af te koel. Die laaste stuk huistoe is almal maar stillerig en daar gaan lê 'n paar al weer uitgepass terwyl Wilna se versorgings-instink inskop en Rehidrate en van als en nog wat, te drinke gee. Dit werk en ons braai alweer alhoewel Doug, die yster, al die werk moes doen.


Die volgende oggend om 07:00 maak Edwin almal wakker met die woorde "dis al agt uur en julle slaap nog". Toe is almal in elk geval wakker. Die dag ry ons maar rond en doen die Laer Kouga sirkelroete oor 80 kilometers en bewonder die natuur, berge en riviere van daardie deel van die wêreld.

Die bergklim-span is nog vol moed en wil Formosapiek daar naby sommer binnekort gaan aanvat.

**EDWIN DYASON**







KOUGA VALLEI



KOUGA RIVIER



ONS HUISIE OPPIE PLAAS




STORMSRIVIER OPVANGGEBIED

# TABLE MOUNTAIN HIKE.   1 APRIL 2016

When Jurie, Anja and I (Heather) arrived at Mike and Rina with all our luggage for our 'Cederberg' trip, we wondered how we'd ever fit everything in - bedding, food, clothes, fridge, extra backpacks for possible overnight hikes etc...you name it...!
Thankfully Mike had hired a trailer, so after pushing things into every available corner, we left to meet Edwin, Thea, Sulene, Rose and Doug and drove on to Cape Town.
The drive is always beautiful, but when we got into the CT traffic, we were very grateful to live where we do. We also felt grateful for the privilege of a trip like this when we saw people living under pieces of cardboard right on the highway!
Finding all our bits and pieces and trying to remember what we'd packed where when we arrived at 'Brian's Guesthouse' ( Edwin's brother), was quite a mission, but we eventually all found a place to put our sleeping bags and enjoyed a lovely braai that evening.
The next morning we left Kloofnek (244m) at 8.45am, very aware of the clouds coming in.  We then walked via the Pipe Track and up Kasteelpoort. Seeing Camps Bay and the ocean below us, and the 12 Apostles was so beautiful but it was a continual steep climb up.  As the weather seemed to be deteriorating, Mike and Rina decided to turn back. The rest of us were keen to get to the mist line - just to experience it.  Thankfully it cleared a bit and so we continued on and up to the top (1058m).
Even though we couldn't see as far as we would've liked, there was a sense of being in another world with gorgeous flowers, rock formations and the mist swirling around the tops of the mountain, and us. We so enjoyed the 'Valley of the Red Gods' where we could see more of the freshly washed fynbos etc., and we then continued through Isolation Valley and Echo Valley to the top of Plattekloof Gorge in the mist.

Once again, we didn't want to miss anything, and so decided to go down the Gorge rather than take the Cable car. Another treat to experience the beauty around us as we tackled the 700m of mostly big steps to the bottom. I'm sure most of our knees were very tired at the end but it was so worth it.  Watching the birds playing in the thermals, mist coming and going through the Gorge, water dripping from the huge cliffs around us, and then seeing the harbour and bay below all added to the 11km experience.
After a challenging but wonderful day, having Mike and Rina fetch us at the bottom at 14h45, was a real bonus, and we ended our time in Cape Town with delicious ( and enormous!) fish and chips from a shop Brian recommended, and the telling of our stories of the day! Thankful too for Brian's warm hospitality.

*HEATHER DAVIES*







BO-OP TAFELBERG

## WOLFBERGSKEURE EN BOOG

Daar is drie skeure in die Sederberg Wolfberg. Dit troon uit bokant Sanddrif waar ons klompie van Berg-en Dal in Maart gekamp het.

Vroeg môre spring ons in die pad om die Wolfbergskeure aan te pak. 'n Lang dag lê voor, want ons gaan op met die *adventurous route*. Daar is 'n nog moeiliker skeur vir die bergklimmers wat toue gebruik, maar die *adventurous route* is nie maklik nie.

Ek het al baie gewonder hoekom noem hulle dit "Wolfberg". Ek kyk lank na die skeure en probeur sien of dit soos 'n wolf lyk. Dit is die ding van die Sederberge. Die rotsformasies neem allerhande vorme aan en as jy genoeg verbeelding het kan jy enigiets daarin sien, maar die wolf wil net nie vir my duidelik word nie.

Halfpad teen die berg uit is daar 'n groot rots wat lyk asof dit stadig maar seker teen die berg af seil. Baie stadig, want daar is geen merkbare beweging nie. Nie 'n klein 4x4x4 meter rotsie nie, maar iets so baie groot soos 'n dubbelverdieping huis.

Halfpad teen die berg uit is daar 'n groot rots wat lyk asof dit stadig maar seker teen die berg af seil. Baie stadig, want daar is geen merkbare beweging nie. Nie 'n klein 4x4x4 meter rotsie nie, maar iets so baie groot soos 'n dubbelver-



PLATTEKLIP GORGE NA ONDER

Met Jurie as ons leier is ons vol moed en bravado toe ons onder die berg 'n groepfoto neem. Daarna is dit opdraand, maar darem nie so erg soos George Piek nie.

Ek sal nie graag daar wil wees as die rots regtig begin afgly nie, maar wat 'n *sight* sal dit nie wees nie.

Nader aan die skeure troon die berg met reuse rotse bo ons uit – groots! Ons stop net daar vir 'n tee breuk. Daarna beweeg ons oor al die stapels rotse en klippe. Daar is 2 paaie na die skeur wat ons wil gebruik. Sommiges klim op oor 'n groot rots wat met mag en mening oorgegaan moet word. Die ander klompie beweeg op 'n dun rotslysie langs en klim dan styl op tot op 'n wyer lysie waar die twee paaie weer bymekaar kom.

Die ingang na die skeur is nou en donker. Amper soos 'n spelonk. Mens sien nie baie goed waar om jou voete neer te sit nie en dit is 'n geskarrel oor rotse en gate en klippe in 'n nou gangetjie. Dit is nie maklik nie en die adrenalien pomp. Die arms, die *core*, die *abs* en alles anders in die lyf word gebruik en veral die brein!


Uiteindelik kom ons binne in die berg. Dit is soos 'n groot saal en langs ons troon die rotsewande uit tot bo by die lug en in die middel van die saal is 'n rotsboog so groot soos 'n huis.

Nou kom die ware toets van die skeure. Voor ons is daar 'n groot rots, maklik 1 meter hoog en 1 meter bokant die grond. Die rotse is *choke blocks* wat vassit in die skeure en daar moet ons oor. Die huppelkinders, Rose, Jacolise en Anja moet meet en pas om oor die rotsblok te kom. Een hand links en op die uiterste van haar strekpunt die ander hand regs en dieselfde *split* doen sy met haar bene. Vir van ons ander gaan dit nie so maklik wees nie. En hoër op is nog groter rotsblok waaroor ons moet kom. Ons is 'n groot groep en daar is baie hulp. 'n Paar jong kinders wat saam met twee groot mense stap het die *choke blocks* voor ons aangepak. Hoe wonderlik om nog so jonk en soepel te wees. Die eerstes wat uit is help van onder en die onderstes stoot van onder en word as staan leer gebruik.
Elkeen het sy eie metode. Sommiges trek hulself op teen die rots en borrel opgewonde oor 'n rotslys bokant hul kop aan die regterkant waarteen jy jouself kan optrek. Met 'n gesukkel en baie blaas en steun en stu-krag kry hulle dit reg om hulself oor die groter *choke block* te lanseer.
Die teorie is dat as jy jou rug teen die linkerkantste wand druk en jou voete ongeveer 1 meter weg teen die regterkantse wand sit en jy wikkel jou boude dan beweeg jy stadig op in die skeur en kan so oor die rotsblok skuifel. In die praktyk moet jy onmoontlike skêr bewegings met jou bene maak, Jurie se arme skouers stukkend trap, jou boude wikkel, rem trek en klou vir lewe en dood en met bo menslike krag val oor die groot rotsblok.
Net nadat jy oor die rotse is, is daar 'n verdere rotsversperring waaroor mens net kan kom deur agteruit onder deur die rots te *leopard crawl* op jou rug tot aan die anderkant. Vir die kortetjies en maeretjies is hierdie makliker, maar vir die groot ouens soos Nico is dit letterlik 'n Houdini truuk! Maar almal kom uiteindelik bo uit waar ons bo op 'n plat rots sit en lekker tee drink en eet.
Daarvandaan vind mens jou pad maklik oor rotse en dale. Bo op die berg is daar reuse rotsstapels wat lyk soos katedrale. Die berg het 'n trilling, ligte bewing wat mens kan aanvoel. Dit maak jou bewoeë, gee hoedervleis en is 'n belewing van iets van die Onsienlike God se teenwoordigheid!
Van ver af kan mens die Wolfbergboog sien. In die boog is daar klein figure van die wat vooruit gestap het. Hoe nader jy kom hoe meer majestuees lyk die boog. Dit is reusagtig groot. Weer word daar geëet en tee gedrink. 'n Groepie met Jurie as leier besluit om tot bo op die boog te klim. Het hulle dan nog nie vandag genoeg opwinding gehad nie. Die res loop vooruit, af met Gabrielspas. Onder kry ons die kontoer *jeep track* wat al onder die berg om loop terug tot by ons kampterrein. Sommiges kry swaar, want dit is 'n lang dag en die son brand ons en toe Mike met sy bakkie kom om ons op te laai toe klim 'n hele klompie in, maar die sterkeres stap terug tot by die kamp. Oor die 20 km in een dag met heelwat rotsklim tussen-in. Wel gedaan Berg-en Dal!


SALOMé VAN WYK



AMPER BY WOLFBERGSKEURE



IN DIE DRUKGANG OPPA OMK BO-OP DIE EERSTE GROOT ROTS TE KOM




DAAR HET HULLE UITGEKOM



DIE BOOG VAN VÊR GESIEN



DOUG HET DAAR GESTAAN





SULENE SE SKETS VERDUIDELIK SEDER-


# SEDERBERG. 1- 9 APRIL 2016

**MAANDAG 4 April** : Ons ry vandag en Jurie beduie dat ons moet rus, want die volgende dag se stap gaan straf wees. Ons is op pad na Wupperthal waar ons stop vir tee, muffins en nog meer. 'n Kort toer deur die dorp bring ons by die skoenfabriek uit waar die vriendelike mense wat daar skoene maak, ons wys hoe hul masjiene werk. Dan ry ons verder deur tipiese Sederberg rotsformasies tot by die Oasis Restaurant. Edwin en Thea was al daar en op hul aanbeveling het amper almal van ons hul spesialiteit, wat varkrib is, bestel. Na 'n genotvolle vroeë aandete, keer ons terug na Sanddrif.

**DINSDAG 5 April :** Vroegoggend is almal gereed en bondel in 2 voertuie in want ons moes ry tot by Welbedacht waar ons motors geparkeer word. Almal voel vars en dis met opgewonde afwagting wat ons opstaar na Tafelberg - vandag se groot stap. Net Jurie ken die roete en so streep ons almal bergop agter hom aan. Ons beweeg op en op in 'n pragtige kloof. Daar word kort-kort gestop sodat almal kan rondkyk en rus, want ons klim die hele tyd. Na die eerste kloof plat die roete effe af en ons stap in 'n jeeppad deur 'n gebied wat die' Trap' genoem word. Dan swaai die voetpad weer bergop wat lyk of dit ons laaste groot klim kan wees. Amper bo kom ons aan die voet van sulke regop kranse wat bokant ons uittoring en ook oorhang om 'n dak oor ons koppe te vorm. Benoud wonder ek hoe ons hierdie kranse gaan klim want volgens Jurie, gaan ons bo-op Tafelberg kan staan. Ons beweeg egter aan al om die voet van die kranse en moet in die proses oor groot rotsblokke klim en klouter om net aan die end van die kranse met 'n wonderlike uitsig beloon te word.
Voor ons staan 'n massiewe rotstoring en waghou oor die ingang na 'n volgende kloof. Dit voel vir my of die kloof aan die agterkant van die kranse waar ons so pas verby geklouter het, kan wees. Jurie dui aan dat ons in die kloof gaan opklim na bo. Weer eens skarrel ons om en oor groter rotsblokke. Skielik bevind ons onsself op 'n klein gelyktetjie waar die kloof baie nouer is en dit lyk of dit net daar kan doodloop.

Dit is egter die begin van 'n tegniese deel van hierdie stap - een vir een moet ons 'n groot rots aan die linkerkant opklim, jouself teen die rotswand vasdruk, met jou een voet op 'n klein rotslysie trap, dan oor 'n skeur in die rots na 'n volgende rots spring. Dit was nogal skrikwekkend, maar almal kom oor om net vorentoe weer jou beurt by 'n ketting te moet afwag.







KLOUTER EERS LINKS......




.........SPRING DAN OOR



Jurie is die eerste om met die +-10m lange ketting, wat feitlik regaf van bo afhang, die kloof uit te klim na bo. Vir my was die ketting 'n groot hulpmiddel – jy hou net stewig vas en loop met jou voete teen die rotswand uit – maklik né, maar as die groot vrees jou beetpak, is dit 'n storie van 'n ander kleur. Eindelik staan almal triomfantelik bo-op Tafelberg!! Dit is 'n groot, ruwe, baie rotsagtige berg waar mens sekerlik maklik kan verdwaalOns stap eers na die eerste en dan na die tweede baken wat 1968m hoog is. Maar Jurie maak ons bymekaar want dit is 'n lang pad na onder. Weer eens moes ons die ketting af en oor daardie skeur spring na die lysie aan die oorkant. Dan blind agteruit afklim tot onder. Met almal veilig onder, klim ons weer eens oor al die groot rotsblokke in die kloof af en volg dieselfde roete terug tot by die motors waar ons stuk-stuk aankom. Dit was 'n wonderlike, uitdagende ervaring. Ons het die dag net oor 1000m geklim en 14.2km gestap wat ons amper 8 ure geneem het om te voltooi. Die aand word afgesluit met 'n hoender en groente potjie wat deur menige helpers onder aanvoering van Edwin, voorberei was.







JURIE BY EEN VAN DIE BAKENS BO OP TAFEL-BERG

'Sonbrillet-jies, sonbril-letjies, oh oh sonbrillet-jies'

Edwin met sy fonds.






**WOENSDAG 6 April:**


Na 'n heerlike nagrus is ons kamp vanoggend soos 'n Babelse verwarring. Party hardloop rond en ander sukkel om al hul goed ingepak te kry en tente op te vou. Vier van ons bly agter terwyl die res in 2 voertuie moet terugkeer na George. Edwin pak naarstigtelik sy sleepwaentjie en al wat hy uitkry is: "ek gaan dit nie inkry nie". Maar so is Mike en Edwin se waentjies eindelik gepak en almal word nader geroep om te groet. Net toe roep Mike uit "Kry julle rugsakke dat ons jullle kan gaan aflaai". Toe skarrel ons 4 (dis nou Doug, Nico, ek en Jacolise) weer en spring in Nico se bakkie. Ons word so 5km voor Algeria afgelaai by 'n bord langs die kant van die pad wat aandui dis die roete na Duiwelsgat. Eers vorm ons 'n kringetjie en dan pak ons die roete aan. Ons begin opklim in 'n wye kloof en op pad na bo, kruis ons 'n riviertjie met heldere water. Met die droogte, het ons seker gemaak ons gaan water op die roete hê, veral by ons oornaghut.


Dis 'n pragtige dag soos al die dae voor dit maar die wind begin al hoe sterker waai. Na die aanvanklike opdraendes loop ons in die wind aan na Duiwelsgat. Dit is ongelooflik indrukwekkend - die berge vorm geweldige diep klowe af na onder wat dan as Duiwelsgat bekend staan. Ons stap stadig en geniet die omgewing terdeë. Na middagete stap ons oor 'n vlakte reg in die wind in tot Sneeuberg al hoe nader kom en ons weet dis waar ons hut en lêplekkie vir die aand is. Een van die hut se mure is 'n soliede klip en die dak is van sinkplaat wat vol gaaitjies is wat met "duct tape" gelap is. So hoop ons dit gaan nie reën nie want dan gaan jy moet bontstaan om nie nat te word nie. Sommer naby die hut is 'n stroompie met heerlike helder soet water, en met die son wat so lekker warm skyn, kry ons een vir een agter die rotse, die nodige skuiling teen die wind om darem net skoon te kan kom na die dag se stap.

Vanaf die hut kon ons in die verte Tafelberg en die Wolfberg skeure sien. Later maak ons aandete en sit sommer so lui op ons slaapsakke, tot Doug na iets klap en ek vra of dit 'n muis was. Ons is gewaarsku dat die muise baie astrant is en het na ete ons ekstra kos aan die balke opgehang, sodat hulle dit nie kon bykom nie. Die muise is nie net astrant nie, hulle is arrogant ook; vrees nie een van ons nie en hardloop rond van die een na die ander! Hulle vind toe vir Nico, (gelukkig vir ons), die mees aantreklikste; soveel so dat hy later sy kop met sy slaapsak toegetrek het dat hy hulle net nie hoef te sien nie. Maar een outjie het hom nie laat afsit nie en sommer aan sy vingers probeer knibbel!



MUIS HUIS








VOOR EN SYAANSIG VAN HUT

DUIWELSGAT






SNEEUBERG


**DONDERDAG 7 April:** Die oggend ontdek Jacolise dat haar plastiese sakkie toiletgoedjies stukkend gebyt is. Haar tandepasta buisie was die kersie op die koek! 'n Muis het aan die punt van die buisie 'n groot gat ingevreet agter die tandepasta aan. Stel jou voor: 'n glimlaggende muis met skitterwit tandjies...! Moet sê die muise het vir groot pret gesorg.
Na 'n stappers-ontbyt stap ons aan op die tweede been van die roete. Ons stap verby Sneeuberg wat teen 2028m die hoogste berg in die omgewing is. Daar is 'n voetpaadjie berguit maar niemand sien kans vir die ekstra klim nie want dit sou baie harde werk beteken. Ons is op pad na die Maltese Kruis wat ons al van ver af kon sien. Dit bly ook net so 'n indrukwekkende alleenstaande rotsblok! Na etlike foto's en kougoedjies stap-klim ons af na onder en hou padlangs aan tot by Sanddrif. Die middag doen ons net niks want die lywe en knieë vra vir rus.
Ons het die 1ste dag 588m geklim, 12.7km gestap wat ons 5.30 ure geneem het. Die 2de dag was dit 600m se klim oor 16.3km en dit is in amper 5 ure voltooi.
Dit was 5 wonderlike dae in die Sederberge en die weer, buiten die wind, was sonnig en baie aangenaam.
Aan Jurie, 'n baie groot dankie vir al die reëlings, en vir sy uitstekende leierskap. Aan Edwin, Mike en Nico, 'n groot dankie vir hul voertuie. Aan al die mede stappers, ook 'n groot dankie. Sonder julle sou daar nie 'n stap van so 'n formaat kon plaasvind nie. Sien julle 'n volgende keer weer in die Sederberge! Daar is besienswaardighede wat ons nog moet ontdek en roetes wat ons ook nog moet gaan stap.



MALTERSERKRUIS



TAFELBERG IN DIE SEDERBERGE



# OUTENIQUA HIKE. 29 APRIL - 2 MAY 2016

Whilst nine intrepid members of our hiking club were gearing up in anticipation for the Outeniqua hike, many a bystander could be forgiven for raising a questioning eyebrow to the heavens that week, as a cold- front rains started to make their presence felt along the coastline. Despite a mixed forecast for the weekend, Friday 29th saw the gathering at Platbos in Karatara of Nico, Rose, Jacolise and Anja (the late-comers) around an inviting braai fire that Edwin, Thea, Doug, Chinky and Heather had prepared. Our meals dispensed with, we were joined by Sanpark employees and enjoyed an informal chat around the fire before all retiring for the night, our last as good-n-clean-n-fresh citizenry!

**Saturday, Day 3.** The decision to set off early on Saturday was hamstrung by the rain which could be heard intermittently on the roof during the early hours of the morning. As we all stood around, clad from head to foot in rain gear, Heather jumped into teacher-mode and a group of us was soon playing word-games, clapping and laughing to get our mojo on! When a break in the weather presented itself, we all jumped into action and were soon absorbed by the Knysna forest. Hardly had we gone very far when our animal doctor declared that the droppings we walked over where of the pachyderm variety (quite frankly, the verdict is still on whether it was horse-poo)!


The day was cold and the rain had swollen the Homtini river, which we reached after a slippery descent. Jacolise sprang across like a fairy, Rose impressed with her agile footwork, Nico trudged through shoes and all, and just as well because he had to make a quick double-up back in to the waters to assist Heather and Chinky who had developed stage fright in the middle of the river. We broke for lunch and then set off for the rest of the long and winding uphill, headed for Millwood. Nico and Anja arrived first and immediately set trying to coax a fire out of the wet logs. We were all quite pleased with ourselves after spending 6 hours and 46 minutes on our feet, covering a distance of 16km and were rewarded with the best hot showers money could buy.

**Sunday, Day 4.** Sunday morning saw us get off to a dry start and traverse a felled plantation. Again we negotiated a steep and long descent through indigenous forest and once at the bottom, crossed the Knysna river. "What goes down must come up" they say, and we were not disappointed, as our ascent was a long, treacherous zig-zag, some of it overgrown jeep track which tested our sense of humour throughout the afternoon! Luckily the forest gods were smiling at us, and we were rewarded with a beautiful fairy setting by a river where we settled down for lunch. We reached the Rondebossie hut with a half hour of sunlight left, having covered 16km in 6 hours and 30 minutes. The wised quickly washed their weary bodies in the freezing cold water and came to rest in front of a roaring fire. To our surprise, one man (whose name shall not be mentioned for fear of recriminations, but who seems to have a penchant for all things winged) still managed to whip out a piece of chicken to braai, Edwin and Thea also impressed with their smorgasbord of cuts, whilst their rest of us had to contend with starch and veggies! This place will also be remembered for its extreme nocturnal darkness, with visibility literally down to a hair's breath.

**Monday, Day 5.** Our weather gurus, Rose and Jacolise, had, on the previous night, conducted a mental rundown of how the day should proceed, should the rain, which was threatening, make another solid appearance. True to form, the precipitation and concomitant mist did not disappoint today. Our journey got off to a soggy slow climb until we were stopped in our tracks by what can only be described as " the mother of all ascensions"; a treacherous steep 400m long uphill on a pine needle forest which seemed to be never-ending. Getting to the top of Jonkersberg, which stands at 784m above sea level! A stop was made at breakfast rock to catch the breath and then we walked like gorillas in the mist along a ridge which offered spectacular far-off views on a clear day. The going got tough - some of us, made like racehorses and bolted, whilst others lumbered through a long single-file path through a lush fern and tall-tree forest.

A gravel road boasting a Uniondale/Willowmore sign indicated that we were back in civilization. Our legs received their final bit of punishment before we arrived at Diepwalle, having walked for 6 hours and covering 13,1km. Awaiting our arrival, with lit fires and good cheer, were various club members headed by Jurie. After divesting ourselves of our backpacks, and enjoying a relaxing braai in superb facilities, a few of us headed back to George in a leisurely convoy via the old forest road.

ANJA BODISCH








# LIDIIKWE. 21-22 MEI 2016

Uiteindelik breek die groot oomblik aan - my heel eerste rugsak-stap! Ek het vir dae vooraf letterlik geborrel van opwinding. Elke krieseltjie is op 'n skaaltjie geweeg en dan weer in my gedagtes heroorweeg of dit nou regtig ingepak word of nie.... Met afwagting vertrek ons groep bestaande uit Edwin, Thea, Anette, Lynette, Salome, Rose, Doug, Sulene, Wilma en myself op Saterdag 21 Mei. By ons aankoms op Lidiikwe Wildsplaas, so entjie voor De Rust en die bekende Meiringspoort, tref die skoonheid van die omgewing ons met die vele skakerings van die rooi koppe en die growwe grys glans van die klip-formasies, uniek geskilder deur ons Skepper se kunstige hande.

Ons word verras deur die plaasbestuurder se offer om die wors en yskoue biere wat hulle aan ons skenk, later die middag by ons kampplek te kom aflaai. Sonder om te huiwer vra Edwin of hy dan nie sommer van ons 'swaar' bagasie ook saam kan neem nie en soos miere raak ons bedrywig en haal al wat gewigtig is, uit - jy sien net tente en slaapgoeters spat soos wat dit blitsvinnig agter op die plaasbakkie beland. Wie wil nou swaar dra as die lewe 'n lied kan wees met rugsakke wat beduidend ligter weeg! Ek lag stilletjies vir myself oor die ure wat ek gespandeer het om die 12kg so noukeurig as moontlik in te pak en nou binne sekondes so woes deurmekaar gemaak het om hierdie aangename verligting te kan smaak. Ek glimlag tevrede en dankbaar. Selfs op sulke klein oomblikkies is God se genade tog so spesiaal.

Ons stap teen 'n goed uitgelegde paadjie al teen die lieflike kleure van die rooi, bruin en oranje wat so kenmerkend is van die koppies. So hier en daar is daar in steilte wat gelukkig weer beloon word met 'n gemaklike afdraende en soms as die bult effe lank word, hoor jy iewers iemand wat sê "AGGENEE! AGGENEE!"

'n Naweek propvol heerlikhede van Salome wat heel pad moes "jik" water drink omdat sy haar "bladder" vroeër die week wou skoonmaak en toe so besig was by die werk dat sy vergeet het om dit te vervang met vars water tot Sulene wat eksperimenteer met die "superlight hiking" en'n tentjie gebou met haar poncho en stapstok. Ons geniet 'n heerlike warm Karoonag met die mooiste geel-blou volmaan en 'n helder sterrehemel wat ons tot laat rondom die vuurtjie laat kuier.

Salome begin die Sondag vir ons met die bekende bybelteks uit Johannes wat vertel van die Lig wat gekom het om lewe te bring en dat geen hoeveelheid duisternis ooit hierdie Lig kan oorweldig nie. Ek glimlag weer in stilte en dankbaarheid aan die volmaaktheid van die vorige nag wat helder verlig was deur God se skeppingswerk, Sy volmaan, op 'n wintersnag in die Klein Karoo...

Die sirkelroete word interessant ingekleur deur Annette se biologie klasse en teenwoordigheid van vele Gemsbokke, Koedoes, Rooibokke en twee Kameelperde met hul kalfie wat ons statig vanuit hul hoogte dophou, terwyl hulle grasieus knibbel aan die boonste takkies van die bome.

Die einde kom hopeloos te vinnig en die naweek het eenvoudig te vinnig verby gegaan. Ek ry terug met 'n lied in my hart en besef weer eens; Ons land Suid-Afrika is beeldskoon en ons is bevoorreg om dele daarvan te voet te kan verken. Ek dink in dankbaarheid aan Ps 119 wat sê:

*"U word is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad."*

ESTHER VAN ROOYEN











## BERG-EN-DAL IS 30 JAAR OUD!!

Saterdag 4 Junie was 'n heuglike dag vir ons klub en ons het opgetrek na Arendsrus Country Lodge in Mohlensdrift aan die voet van die Outeniquaberg om hierdie mylpaal te vier.

Die plan was dat ons 'n sirkelroete sal stap in die prentjie mooi omgewing. Alles was so skoon en groen na die onlangse reën en dié wat wou stap is vergesel van 'n jongman, die eienaar se seun en bestuurder van die plaas, om die pad aan te wys sodat ons darem nie verdwaal in die vreemde omgewing nie. Maar helaas, die stappie is kort geknip toe daar 'n reëntjie begin uitsak. Almal het net 'n waterbottel saam geneem en hul rugsakke by die restaurant gelaat - so geen reënjasse nie en heel gou het ons besef hier gaan ons gou baie nat word en dit word toe buitendien nogal kouerig so saam met die reën. Ons moes die aftog blaas en terug haas na onderdak by die restaurant, waar lekker warm koffie gewag het.

Na die gebruiklike verwelkoming deur Mike het ons gou elkeen 'n plekkie aan 'n tafel ingeneem en glasies is geklink om ons verjaarsdag te vier. Die spyskaart het belowend gelyk en die kos is met groot verwagting afgewag.

Heel gou is 'n heerlike sop as voorgereg bedien en daarna kon elkeen hulself gaan help aan die buffettafel. Daar was hoenderpastei uit die 'voorste gestoeltes' en murgsagte gebraaide beesvleis. 'n Groot bak met 'n verskeidenheid oongebakte groente, gebakte aartappels en pampoenpoffertjies het gemaak dat elkeen 'n groot bord geskep het. Almal het behoorlik gesmul en toe is ons nog boonop bederf met 2 soorte nagereg en vla.

Die lede het nog 'n lang tyd na ete gesit en heerlike gekuier waarna hulle so eeneen later huiswaarts gekeer het terwyl die reëntjie nog neergesif het.

Almal was dit eens; dit was een van die lekkerste funksies wat ons in 'n lang tyd gehad het en voel dat daar weer hierheen gekom moet word vir toekomstige byeenkomste.

HETTIE LOURENS





VAN ONS KLUB SE STIGTERSLEDE

# BONNIEDALE. 16 – 19 JUNIE 2016

Bonniedale Holiday Farm, 54km vanaf Mosselbaai, is geleë in die Outeniqua Berge. Hierdie plaas beslaan 1650ha natuurlike fynbos en word omring deur die Attaquas Natuurreservaat. Die eerste blanke inwoner was 'n Skot in 1860, vandaar die naam Bonniedale. Hy het later terug gegaan Skotland toe met vakansie en nooit weer teruggekeer nie. Die plaas is later deur ene Mnr. Muller gekoop.

**Donderdag 16 Junie** het Sharon, Hettie, Carol en Rona in die pad geval Bonniedale toe. Die laaste 20km grondpad was nogal 'n uitdaging vir 'n gewone voertuig, deurdat dit baie klipperig is met baie slote en lae driffies. Ons moes op 'n stadium uitklim sodat Sharon bo by 'n steilte kon uitkom.! Ons het baie stadig gery en was verras om 'n paar ribbokke die pad voor ons te sien kruis met hulle wit stertjies soos pom-poms omhoog.

Rose, Doug en Linda was toe reeds daar en het die steil Honeybush roete gaan stap en teruggekeer oor Grootkloof. Alhoewel die son geskyn het, was dit heelwat kouer as in George en sononder het Sarel 'n lekker groot vuur aangepak, want daar moes mos later gebraai word.

Vrydagoggend vroeg daag Esther, Marina, Chris en Gerda op. Na ontbyt in die gesamentlike eetkamer, val ons in die pad op die Ox Wagon roete tot by Sunbird Camp. Dit is 'n pragtige dag en ons verlustig ons in die omgewing; berge wat vou op vou lê . Ons was ongelukkig effe vroeg en al die proteas was nog nie in volle blom nie. Daar was egter baie ander blomme en pragtige aalwyne, in blom. By Sunbird Camp het ons eers die innerlike versterk met koffie en 'n eetdingetjie, waarna die groep verdeel het. Die sterker stappers het verder gegaan en Fouriesberg uitgeklim. Die berg en piek is 1196m hoog. Die ander, onder leiding van Sarel, het teruggekeer kamp toe met 'n gemakliker pad. Die middag het 'n paar ander weer rondom die kamp gaan stap. Teen laatmiddag daag Allan en Carlien Smuts ook op. Die aand na 'n braaivleis- aandete, skuif die mans die vuur na die binne-kaggel, want buite was dit ysig. Hier het ons snoesig gesit en gesels en so een-een later teësinnig die koue slaapplekke gaan opsoek.

Saterdagoggend het almal weer in die pad geval op die Goliat roete, terwyl die ander verder gegaan het om Klipbokberg en die Bymans roete te stap en het vanaf die oostelike grensdraad padlangs terug gekeer na Bonniedale Farmhouse.

Terug by die kamp, is daar weer na middagete na die naby geleë rotspoele gestap. Wilna het saam met Allan en Carlien per voertuig die omgewing gaan verken. Met hul terugkoms ontdek Wilna dat die bobbejane 'n strooptog in haar tent gehad het en feesgevier het deur al haar eetgoed te verorber en 'n klomp skade is in die proses veroorsaak.

Esther, Chris en Gerda het laatmiddag terug gekeer huistoe.

Weer is vleis gebraai vir aandete en Carlien verras ons met mieliepap en heerlike tamatie- en-uie sous. Al die oefening het die stappers se eetlus aangewakker en daar is omtrent gesmul. Ons het daarna weer voor die lekker warm kaggelvuur gesit en ginnegaap.

Sondagmôre is almal weer in die pad vir 'n laaste stap in die pragtige Grootkloof. Die plantegroei in die kloof verskil van die ander roetes - daar is 'n groter verskeidenheid plante, meer bome en groot aalwyne wat almal in blom was. Die paadjie al in die kloof op, was redelik maklik en vir my was dit die mooiste van die roetes. Hierna is ons terug kamp toe waar elkeen sy goed moes inpak vir die terugtog George toe en met verskillende roetes. Ons het oor Herbertsdale teruggery wat 'n meer begaanbare pad is en was teen sononder weer terug in 'n nat George. Dankie Sharon, vir jou uitstaande bestuursvermoë en dat jy ons veilig tuis gebring het.

Dit was 'n heerlike naweek en ons het nog nie naastenby die hele plek verken nie. Daar sal weer moet gegaan word want die plaas bied soveel, dat drie dae net nie genoeg is nie.

Dankie Sarel, wat al die reëlings gemaak het. Daar het niks kort gekom nie en almal het dit geniet.


HETTIE LOURENS











## OUDE MURAGIE.   15-17 JULY 2016

In July we were blessed to have Wilma organise a weekend at Oude Muragie for 20 of us.

**What an amazing weekend.** This picturesque farm is situated at the foot of the majestic Swartberg Mountains. In this tranquil and safe unspoiled nature paradise we experienced old world hospitality and comforatble warm welcoming accomodation. Each house is privately situated with its own interesting garden, braai lapas and views which constantly reminds one of what it must have been like in paradise.

The unspoilt nature on the farm was seen by us on the hiking trails allowing us to experience some of the most breathtaking views imaginable.

A century old little rock house can be seen on one of the hiking trails. It is built with mud and stone and is the source of plenty of geological finds.

SHARON KERR



It was with great excitement that I joined my hiking friends for only my second 'away weekend' with the club. Leaving my family to fend for themself I was looking forward to some 'me time' in the fresh mountain air.

My three travel companions chatted up a storm and before we knew it we were turning into the gates of Oude Muragie where we were met by Maggie, the owner of this beautiful farm. What an amazing lady Maggie is, living alone on the farm with all her 'pets' which include dogs, geese, guinea fowls and of course the sheep in their retirement pen!

Our accommodation was a wonderful cosy three bedroom cottage with electric blankets on the beds and rose petals in the bath to welcome us. This was my kind of 'roughing it'. The only rustic part was an outside shower but even that wasn't a problem although we all opted to skip a shower outside in the chilly evening air. However, after our Saturday hike we braved the shower and it was perfect after a day of walking.


On Saturday morning we were amazed to see that it had snowed overnight and the tops of the mountains were covered in a fine sprinkling of snow. What an experience to hike to the peak and have a close up view of the snow! Although the trails weren't the most taxing the 360 degree views of mountains, valleys, a dam and the paddock of cows and sheep with a river running alongside made for a wonderful relaxing weekend.

Add to that the fantastic company of friends, the outstanding accommodation, long chats into the night with Amanda, my room-mate, shared meals and laughter and it was a weekend that I will long remember.

Thank you to Wilma for arranging this weekend. It's one to do again in the future especially for those who missed out.

ANDREA BLUMRICK











SENIORSTEE 2016



Life Lessons from the Trail

A pebble in a hiking boot always migrates to the point of maximum irritation.

The return distance to the trailhead where you parked your car remains constant as twilight approaches.

The sun sets two-and-a-half times faster than normal when you're hurrying back to the trailhead.

The mosquito population at any given location is inversely proportional to the effectiveness of your repellent.

Waterproof rainwear isn't. (However, it is 100% effective at containing sweat).

The width of backpack straps decreases with the distance hiked. To compensate, the weight of the backpack increases.

Average temperature increases with the amount of extra clothing you're carrying in your day pack.

Given a chance, matches will find a way to get wet.


The weight in a backpack can never remain uniformly distributed.

When reading the instructions for a water filter, "hour" should be substituted for "minute" when reading the average quarts filtered per minute.

The little toothpick in your new Swiss Army knife will disappear the first time you take it on a hike.

# GAMKABERG. 26 – 28 AUGUSTUS 2016

Diegene wat dink die Klein Karoo bestaan net uit barre landskappe, Karoobossies en klipkouende volstruise, het verseker nog nie al die geheimenisse van die ongeloof-like interessante deel van ons land ervaar nie.
'n Klompie lede het onlangs die voorreg gehad om so 'n opwindende ontdekkings-reis in die Gamkaberg Natuurreservaat aan te pak.
Gamkaberg is 'n geisoleerde bergreeks in die Klein Karoo en lê tussen die Swart- en Outeniquaberge. Die naam **GAMKA** is afgelei van 'n Hottentot woord GAMI, wat **LEEU** beteken. Die reservaat (10 430ha) lê 33km suid-wes van Oudtshoorn en 32 km suid-oos van Calitzdorp. Dit val onder Cape Nature en vorm deel van die 80 000ha Gamkaberg area wat bestaan uit verskillende kategorieë van beskermde areas, ins-luitende privaat natuurreservate.
Die reservaat is in 1974 begin om die plaaslike populasie van bedreigde Kaapse Bergzebras en hul habitat te beskerm. Tans spog die reservaat ook met 'n paar lui-perds en heuning ratels. Boksoorte soos elande, rooi hartbeeste, grysbokke, klip-springers, duikers, en steenbokkies is ook te sien as mens baie gelukkig is. Dan is daar ook bobbejane by dosyne, aardvarke en swartrug jakkalse wat iewers skuil waar net die geseëndes hulle so nou en dan sien.
Die reservaat het 'n hele paar staproetes wat wissel in afstand en moeilikheids-graad. Mens kan werklik kies en keur wat om te stap en hoever. 'n Goed uiteenge-sette en interessante inligtingstuk met al die nodige inligting, is aan ons oorhandig by aankoms. Die vriendelike en behulpsame personeel het saam met ons na die verskillende blyplekke gegaan en verduidelik wat beskikbaar is. Daar was ook natuurlik 'n lys van reëls en regulasies oorhandig as riglyne om ons verblyf so aan-genaam en kommervry as moontlik te maak.
Bo en behalwe die staproetes is daar ook 'n Labirint vir ronddwaal om van al die spanning ontslae te raak sodat die wereld weer vierkantig in die gesig gekyk kan word.Ons was 'n groep van 23 wat met opwinding en afwagting na die naweek uit-gesien het. Sommige het net gekom om die natuur te geniet en het nie gestap nie. Andere wou graag stap maar het een af ander iets gehad wat hulle gekniehalter het. Nog 'n groep wou net 'n lang stap Saterdag doen en dan verder ontspan en die laaste brawes het opgestap tot by Oukraal waar hulle Saterdagaand oornag het.





Sommiges het in die luukse tente gebly; sommiges in die ou stalle en andere het gekamp in hul eie tente. Ongelukkig was ons nie almal saam nie maar dit het ons nie verhoed om elke aand heerlik saam om 'n kampvuur te kuier voordat elk in sy eie nessie gaan inkruip het nie.

Die verskillende kampe was baie netjies en skoon behalwe natuurlik toe 'n muis oor Corrie se gesig hardloop net voor sy in droomland weggeraak het! Ek moet sê van toe af was hy gejag met alle mag, maar ta se kind het dit reggekry om onder die twee-bene se hande uit te bly. Die kombuisarea het ook deurgeloop maar wie sou nie gaan ondersoek instel na daardie heerlike geure van brood en gebraaide vleis nie? Ek glo nie hy of hulle het aan die wyn geproe nie; altans geen slingerende muis is waargeneem die aand nie.

Vrydag het ons laatmiddag oorgeskuif vanaf ons tentekamp na die Stalle en kampterrein waar ons sou braai. Die vuur het al gebrand en almal het gesellig verkeer met 'n drinkdingetjie in die hand. Marie en Corrie se aartappel gebak en ander Marie en Kie se gemengde slaai was 'n feesmaal - meeste ouens het 'n tweede draai by die aartappel en slaaibakke gemaak. Toe kom die nagereg ook by en kon ons maar net lippe aflek en kreun van lekkerkry! Alle goeie dinge kom tot 'n einde; die bure is 'n goeienag toegewens en ons is terug na ons tente-tuiste. Rustig koffie gedrink en sag gefluister, want Colin was bietjie olik en aan die slaap in die gedeelte langs die kombuis.

Die nag was soel en stil en die sterre was diamante op swart fluweel. Die krieke en paddas het hul gewone koorliedere aangehef en almal was reg om weg te sluimer... Skielik was daar 'n verskriklike en luidkeelse geblaf en geraas wat in die klowe weergalm het. Ek was nog nie aan die slaap nie maar het so te sê my ou permpie uit my hare geskrik vir die skielike lawaai; die Filistyne was op ons... Bobbejaan se kind was besig met 'n oorlogsdans! Kleintjies het gegil en geskree, diep stemme het gegrom en gebrom en gebrul. Ek het gesidder. Ek weet nie wie nog wakker was nie maar ons het asems in doodse stilte opgehou en begin stokke soek om vyand mee te verwilder. Na 'n ewigheid het dit begin rustiger word en kon ek weer asemhaal. Die volgende dag was ons bankie onder ons koelteboom, skaars 10 tree van ons tent af, omgegooi en die klippe omgekeer. Ja-nee, bobbejaan se kind was naby.

Saterdagoggend het fris en heerlik aangebreek en die vars berglug het ons laat huppel en spring... energievlakke was hoog! Ons staproete het ons oor klipperige paadjies en deur bos en boom geneem tot by die rots-oorhang waar ons omgedraai het - plus minus so 6km. Ons het in die kloof opgestap al met die droë rivierloop langs. Die rotswande was reusagtig, hoog en pragtig met die mooiste vorms en kleure. My kamera het soos 'n masjiengeweer geklink want ek wou ALLES vasvang op film! Daar was botterbome en lekker vetblaar spekbome en pruimbome, met klapperbos en granaatbos orals te sien. Soetdoring en Karoo noem-noem. Ook olienhout, maar ons het nie al die name geken nie. Die bitterbossie, kriedoring en sosatiebos was nie vir eet nie, maar het wonderlike medisinale en ander gebruike. Ek is seker ons is verby redelik baie Karoovioo ltjies, want ek het dié darem so half en half uitgeken.

Die hitte het ons vasgekeer in die kloof, maar gelukkig was meeste van ons paadjie in die skadu van die bome en hoë rotswande om ons. Hier en daar was daar 'n water poeletjie, maar niks om oor huistoe te skryf nie. Gelukkig was niemand ontwater nie en almal het die ongelooflike uitsig by die omdraaipunt geniet.

Na 'n heerlike ruskansie, is die brawes verder en ons ander terug kamp toe. Dit was warm en teen daardie tyd het daardie koue biertjie gewink soos 'n pot goud aan die einde van die reënboog. Ons het gelukkig 'n klein swembadjie gehad waarin ons kon afkoel. Hanlie En Liesl het ook eers lyf nat gemaak voordat hulle verder gestap het. Marie en Corrie het skoon die afdraai na die kamp gemis en na 'n ruk is hul bekommerde mans kamp uit om na hulle verlore wederhelftes te gaan soek. Gelukkig het die storie goed geeindig en was hulle kort voor lank weer herenig. Sulke dinge gebeur gou....


Die aand was dit ons beurt om gasheer te speel om die Stalle-inwoners te verwelkom in ons tente-dorp. Ons het heerlik gebraai, geklets en gekuier totdat die moegheid die oorhand begin kry het. Die kos was heerlik en my komplimente aan die poeding-susters vir die heerlike nagereg wat hulle gemaak het wat deur ons verslind is; net die leë bakke het huistoe gegaan. Die sterre was nog net so mooi soos die vorige aand en sonder steurnisse of wilde lawaai van die vorige aand. Ons kon rustig slaap totdat die voëls hulle oggendliedere aangehef het.

Ek en Marie het vroeg die pad gevat - nie bergop nie, maar padlangs, maar was te laat om die sonsopkoms te sien. Maar ons het darem 'n lekker stappie ingekry. Van die Stalslapers het ook van die korter roetes aangedurf en dit net so geniet. Ongelukkig moes ons tienuur uit wees. Ons het uitgerus gevoel na 'n heerlike naweek van ontspan en kuier saam met lieflike vriende. Ons dank aan Linda wat die naweek gereël het. Sy het haar vuurdoop gehad en is nou gekwalifiseerd om dit weer te doen!

Dankie, aan almal

*ROZA BARNES*





# GAMKABERG

Vanaf die 'oorhang' het 8 van ons na Oukraalhut wat nog 6 km verder en 900 m hoog is, gestap om die nag daar deur te bring. Die goed gemerkte paadjie het steiler geword en meer tussen fynbos en protea spesies gekronkel. By

Oukraal is 4 pragtige nuwe basiese hutte, toegerus met 2 beddens en matrasse elk en 'n enamelskotteltjie vir was.

Die hutte is ver uitmekaar en heeltemal buite sig van mekaar. Daar is net n puttoilet en geen storte. Vars drinkwater en hout word gebring vanaf die kantoor en 2 groot water tenks se water is beskikbaar vir was ens.

Die oorspronklike klipskuiling is nou die "braaikamer" Tot Nico se ontsteltenis was daar nie n swartpot vir die potjie wat hy die aand wou maak nie. n Boer maak egter n plan en later die aand kon ons lekker smul aan n kerriehoender potjie wat hy in die 2 groot 'koffiebekers' gemaak het.

Wat die aand baie spesiaal gemaak het was die pragtige uitsigte na alle kante en toe die son sak sien ons Jupiter en Venus wat baie na aan mekaar is en eers weer oor 50 jaar gaan gebeur.

Die pragtigste sonopkoms, rotse wat gedurig van kleur en tekstuur verander en aangename samesyn tussen stapvriende is n herinnering wat ek altyd sal koester.

"Sudden the desert changes

The raw glare softens and clings,


Till the aching Oudtshoorn ranges

Stand up like the thrones of kings."

From "Bridge - guard in the Karoo"

Rudyard Kipling, 1903.










# OORLOGSKLOOF EN RICHTERSVELD September 2016


## Doen dit net – Gaan net aan

### Saterdag 3 September

Ons vertrek vanuit 'n reënerige Suid-Kaap met Nico as leier en hy en Edwin as bestuurders. Nico se bakkie is weer net vol dames en daar word gewonder watse "can doom" hy dan gebruik?! Salome het seker gemaak haar stapskoene is in 'n goed gemerkte sak aangesien sy en Rose "Inner Solemates" is. Oudtshoorn, Seweweekspoort en Laingsburg verby deur die Tankwa waar "Ignora" ons net 'n "U-turn" wil laat maak. Die natuur beloon ons met die laaste van sy mooiste veldblomme. Middagete met uitsigte oor die Tankwa is onverbeterlik. Ons kry vir Jeff Lester by die eindpunt van dag 2 op sy Tankwa-Comino stap. Hy doen uitstekend.

Op Nieuwoudtsville moet voorraad aangevul word, maar o wee, 17.00 op 'n Saterdagmiddag kom Nieuwoudtsville tot stilstand en GEEN YS! Edwin sorg dat die vuur lekker brand vir ons 1ste aand by Groottuin Hikers Hut. Sulene moes maar met iets onbekends in haar bekertjie die aand tevrede wees want sy kon nie die plat hond in George se drankwinkels opspoor nie. Niemand weet wat 'n 'plat hond' is nie!





### Sondag 4 September. Groottuin – Brakwater 4km 2.07min

Ons is 'n warm stort met die hulp van 'n donkie belowe, maar helaas, by die buite wasbakke sal daar gewas moet word. Dag 1 tot by Brakwater is net 'n opwarmsessie, dus begin ons laterig stap met Edwin en Thea voor. Orals is tekens van 'n proses van opgradering by die hutte, maar "longsdrovia" vier nog steeds botoon. Salome se (enigste?)stapbroek het klaar Oorlogskloof aan sy bas gevoel, en Sulene (klerehersteller, haarkapster, tentmaker, muskietnetmaker) sit vir 2 ure aan daardie 2 gaatjies en werk; sy het haar bril opgehad! Die aand leer Sulene almal 'n nuwe speletjie – "Culex" (weet iemand wat die woord beteken)????!!!(LONGSDROVIA (spelling onbekend) is 'n Poolse woord vir 'Gesondheid' en Edwin het dit as 'n "long drop" gesien met 'n woordspelletjie wat ons gespeel het - Rose)



MET NOU GANGETJIE AGTER 'N WATERVAL VERBY

### Maandag 5 September.
### Brakwater – Kameel se Gat 9.5km 8.28min

'n Verbygaande reënbuitjie sak kort-kort uit die dag. 'n Vroeë oggend aangesien dit blykbaar 'n uitdagende roete is. Die skepping se grootsheid word in die rotsformasies weerspieël. "Boulder hopping" is aan die orde van die dag. Verby bobbejaan en dassie se slaapplek. Afgaan op die boude, kettings op en toue oor die rotse. Nico en Angus deel drukkies van agter uit. Ek kry bewondering vir die groeplede met korter bene. Dan, wat vir baie die hoogtepunt blyk te wees, stap of eerder kruip ons agter 'n waterval verby


Wat 'n ervaring! Die pad, na die bewegende hut met sy "suicidel" trappe, is 'n steil afdraende met baie los klippe. En wie bou 'n "longsdrovia" 'n kilometer verder teen 'n steil afdraende af?! Almal wat die roete voorheen gestap het is dit eens dat die paadjies agteruit gegaan het en aandag kort.
Edwin vertel ons die aand slaaptydgrappies – wie geslaap het en wie gehoor het is debbateerbaar

**Dinsdag 6 September.**

**Kameel se Gat – Doltuin 12.2km 6.2min**

Soggens vroeg woel en werskaf Thea. Die gesin moet versorg word. Die rivier het 'n brug gekry vanwaar jy klim en klim en klim tot by die skoorsteen. Hiervandaan is dit lekker om terug te kyk en te sien waarvandaan ons kom. Rugsakke word afgehaal en aangegee. Optrek en ketting swaai is aan die orde van die dag om deur die maag van die berg tot bo te kom. Wie sou nou kon dink dit is moontlik. Op die plato stap ons verby proteas, wabome, veldblommetjies en verskeie rotsformasies – Edwin soek die olifant, maar dié het seker 'n ander staanplek gekry. Ons is vroeg by die hut en tot Edwin se verligting is 'n netjiese bruggie oor die rivier gebou; hy hoef dus nie oor die klipmuurtjie te balanseer nie. Daar is kans vir klere was en ons lywe 'n "springclean" te gee. Vir die wat die roete 'n vorige keer gestap het is die hutte 'n luukse teenoor die vorige tente.





**Woensdag 7 September.**

**Doltuin - Pramkoppie**

**16.2km 7.48min**

Wat 'n koue nag!! Ryp langs die paadjie. Die Olifant wat Edwin soek behoort ons vandag te kry asook 'n hele paar "arches" en grotte waar die verslankings vaardighede weer getoets word. Wat 'n belewenis; die "papparazi" kry baie geleentheid om foto's te neem. Die ekstra kilometers oor Arrie se punt is oor en oor die moeite werd. Die uitsig hier van die Bokkeveld berg af oor die Knersvlakte, kan jy nie vir iemand beskryf nie; jy bly net kyk en kyk en kyk. Angus kry sy kans vir 'n foto - bene oor die afgrond - tot Vader en Moeder se hewige ontsteltenis! Die laaste afdraende na die hut is nogal uitdagend. '


n Werkende stort is 'n luukse by die hut en van ons durf die koue water aan net om hare te was. Gelukkig het ons 'n "plumber" in ons midde wat die verstopte drein sommer vining regsien.




DIE SKOORSTEEN





Sjoe,!!







OLIFANT








MOET EK HIER AF!!





RUSPLEK VIR DIE NAG

**Donderdag 8 September.**

**Pramkoppie - Groottuinhut 9.8km 4.21min**

Laaste dag terug na begin. Salome gee pas aan vanoggend en die Brandwag waarsku sy troepe ons is oppad. Ons stap verby Boesmantekeninge en is in koel mis toegevou. Op en af deur klowe en oor "boulders". Dan nog 'n hoogtepunt; spelonke en skeure! Ongelooflike ervaring; ons klim letterlik deur die berg! Dit gaan skuur-skuur, maagseil en hande-viervoet. Sulene hoef darem nie weer naaldwerk te doen nie. Die wat waag om "shortcut" te vat word op kamera vasgevang. Kort-kort kyk ons terug na al die berge waaroor en waardeur ons is en besef net weer die Grootsheid van die skepping en 'n fantastiese ervaring is in ons geheue ingegraveer. Terug by Groottuin Hiker's hut word na Nieuwoudsville vertrek vir aankope vir aandete. Nico se hoenderpot, Salome en Sulene se slaai en Thea en Rose se poeding. Ons eet soos konings! Ons hoop vir 'n warm stort is weer eens daarmee heen en warm water by die buite wasbakke met die koue wind en wolke wat saampak, moet ons skoonkry.


Almal is dit eens dat Wessel, die groot gees agter alles, iets uniek hier saamgestel het. Die uniekheid van elke dag met sy variasies van nou skeure tot die oop Knersvlakte, sal almal bybly.





Ons ry die volgende oggend na Port Nolloth waar ons 'n dag deurbring in 'n "Beachhouse", salig na die "longsdrovia's" en gladde matrasse op "bunker"-bedjies. Hier is net een problem, hier is nie 'n wasmasjien nie en die wasgoed-bondel is hoog! Die washuis is nie oop nie en dan word besluit om die voetetrap-metode in te span. Die rugby is 'n ramp. Nico braai vir ons vis die aand en Thea maak potbrood. Ons eet weereens soos konings.

Op 11 September vertrek ons na die Richtersveld vir die Venstervalle stap waar ons die aand by die begin, die Hakkiesdoring Hikers hut, gaan slaap. Die pad daarheen is soos om op 'n "powerplate" te staan, alles skud. Dit is droog, baie droog in die Richtersveld en water 'n groot bekommernis. Daar is die mooiste Lapa en ons kuier heerlik om die vuur.



BEACH HOUSE

Maandag 12 September.


Hakkiesdoring Hikers Basekamp - Amfiteater 10.6km

4.03min

Tent en matras moet hierdie keer saamgaan. Genoeg water moet saamgedra word, want die Zebravalle is droog en by die Amfiteater is geen water nie. Dis warm maar hanteerbaar en "boulder hopping" op in die rivier is aan die orde van die dag. Wie sou kon dink dat hier berge is wat aan Meiringspoort se rotse herinner! Oor die rotse van die Gannakouriep Gorge, deur die klowe van die Oemsberge. Die Amfiteater met sy droë waterval en hoë kranse is ons slaap-plek vir die nag. Ons is vroeg, tente word opgeslaan en kampvuur gemaak. Alles weerklink en die voëls is ontsteld oor die inkommers. "Wet wipes, the next best thing since sliced bread", moet ons skoonkry van kop tot toon. Die son sak vinnig in die Amfi en dit is met die voëls se gesing wat ons gaan slaap en ook die volgende oggend weer opstaan.




HAKIESEDOORN




BEGIN VAN VENSTERVALLE STAPTOG



HIER MOET JY JOU VASTRAP KEN



WATERVAL IN AMFITEATER




LêPLEK VIR DIE AAND IN ONS TUISGEMAAKTE TENTJIES


**Dinsdag 13 September.**

**Amfiteater - Venstervalle 7.2km 5.43min**

Waterberekenings word gemaak. Ons sien met verwagting uit na Modderfontein met die hoop om water te kry. Ons wikkel vroegoggend om Dreunbult nog effens in koelte te begin. Maar eers moet ons en ons sakke afgly by glybank uit die Amfi uit. Dan dreun ons teen Dreunbult uit en sak anderkant af in die rivier wat die Amfiteater voed. By Modderfontein is die blydskap groot oor helder water en ons drink ons magies rond en maak alles moontlik vol. Vroë middagete word gemaak en sommige eet sommer ontbyt en middagete. Koffie word gemaak net omdat daar water is. Dan is dit langbult uit tot ons sak na Venstervalle. Net soos die Amfiteater, is dit 'n "wow"-ervaring, omdat sulke tonele nie in hierdie omgewing verwag word nie. Deur die venster val die uitsig na benede soos die rivier loop. Weereens 'n vroeë aand met helder maanlig.



REK EN STREK



MODDERFONTEIN



VENSTERVALLE





**Woensdag 14 September.**

**Venstervalle - Armanshoek Fontein  10.9km  8.56min**

Volgens die inligtingsboekie is dit die maklikste dag en ons begin klim deur die botterboomwoud. God's Window is presies wat dit sê en ons verwonder ons aan die skepping. By Babbabaddens is daar weer water en die baddens word benut vir drinkwater en bad. Dan begin ons vir die eerste keer op die roete soek na die paadjie. In die rivierloop sak ons stelmatig af en dan begin die uitdagings! Nico toets elke keer die rotse en maak pad. Ons moet by glybult teen die 3m hoë gladde rots afgly. Rugsakke word met toue afgesak en die kamera met al ons foto's vlieg ook deur die lug. Elkeen moet maar die rotse kyk of sy boude of voorkant die beste afgly. Middagete is in die middel van die "Gorge" op 'n groot plat rots met genoeg plek vir almal, selfs vir die wat 'n vinnige uiltjie wil knip. Onderdeur die rotse vermoed ons ons is nou deur Reinhardt se Gat en almal weet wat hulle vir hom gaan sê as hulle hom in die hande kry! Net toe ons dink ons kan die vreugdevure aansteek, kom die laaste uitdaging. 'n Dun toutjie wag vir ons oor 'n hoë rots en selfs Nico wonder of hy ons daar gaan afkry. Stelselmatig sak ons een vir een die 6m na onder en so tussendeur ook die rugsakke. Deur paddawater vol platannas maak ons by 'n skoon poel vir 'n laaste keer alles vol water aangesien op die laaste dag weer geen water is nie. Wat 'n "journey"! As ons terugkyk in die kloof in is dit onmoontlik om te dink ons het daar afgekom. Wat 'n dag uit ons "comfort zone"! Daar moet egter nog slaapplek gevind word vir die nag; klipverskuiwings vind plaas en elkeen probeer in die wind sy tentjie opslaan.




**Donderdag 15 September.**

**Armansfontein - Hakkiesdoring Hikers basiskamp 15km**

**5.51min**

Laaste dag in die Richtersveld begin met 'n nat gedoude tent. Dis 'n warm dag wat bestaan uit 'n laaste bult of drie se op en af, "boulder hopping" en droë horisone. Gemengde gevoelens word ervaar maar dit was baie baie welkom om die voertuie te sien!


Nico maak vir oulaas vir ons heerlike kerriepotjie en ons ry in wind en reën die volgende dag uit die Richtersveld en vertrou dat al die droë dele reën gaan kry. Ons slaap buite Citrusdal op Kunje Guestfarm in die Geelhout Mountain hut voor ons die volgende dag die laaste rit huis toe aanpak.

Dankie Nico vir jou uitstekende reëlings en 'n onvergeetlike ervaring!


ELIZE KLOPPERS

**NS (deur Nico)**


*'n Groot DANKIE vir elke groeplid se bydrae, die goeie gesindheid wat elkeen gehad het en die uitstekende samewerking tussen al die groeplede. Baie dankie vir al die foto's en Elize vir die saamstel van die verslag. Hoop ons kan dit weer eendag doen.*





BABABADDENS



MET KLOOF NA REINHARDT SE GAT







PADDAWATER



# STORMS RIVER WEEKEND - 3-6 Nov 2016

It was with great anticipation that 6 of us had our bags packed, and were ready to be collected by Andre & Laeticia in their bus on the morning of Thursday 3 November. Other friends travelled independently. Checking in at Storms River was quite a challenge with the variety of categories we fitted into - Wild card, no Wild card, staying in Forest huts, sharing a campsite with friends already there etc!

It didn't take us long however, after being dropped off at our respective accommodation, to settle in and be ready for a walk to the Suspension bridge and those gorgeous views of the sea and forest all along the way - and dassies in abundance!

Waking early to the sound of the waves was a treat (those of us camping at least) and by 8am on Friday morning, those who were walking were ready to leave for the Blue Duiker trail, and then the Waterfall (Day 1 of the Otter trail). For me, it's always a gift to watch how people are aware of each other along the way, share snacks, and just generally look out for each other. That's definitely one of the reasons Berg-en-dal is such a successful hiking club, and It was great to see how some who thought they may not manage, coped so well.

After clambering over the rocks, and the ups and downs, Jurie, Rose, Dave & Hanli all had a refreshing swim, while Andre took photos from every possible position , and the rest of us just relaxed and enjoyed our snacks and the beauty around us.

Saturday brought overcast and changeable weather, but that didn't stop us from hiking. Some turned back after the Bridge, & others continued up the steep hillside to the top of the East side of the River and along the beginning of the Dolphin Trail for a few kms. Esta was a star as she overcame the challenge of being on the edge of the cliffs! Even though it rained on and off, we were awe struck again at the incredible views that stretched below us, and the variety and abundance of fynbos. What a privilege to be in this part of God's creation!!

It seemed that some of us would've been happy to just walk all day, so everyone was happy going home via the Loerie trail... and some even did another walk later in the afternoon!

Not only did we enjoy the wonderful hikes, but Hanli also organised for 12 of us to go on the boat trip up the gorge on the Sunday. (Thanks so much Hanli for the extra planning in spite of the fact that we were told the boat was not available as it was being serviced!). The trip was a mixture of adrenalin as we sped out to sea to get a view of the Resturant and huts etc, and the awe and silence of the gorge and its colours, vegetation, and huge rocks & caves. Once again Andre was busy non stop to get just the right photos, and the sun was out to enhance all the amazing beauty.

But as you may know, weekends aren't only about hiking, they are also about enjoying just being together and "kuiering" as well as enjoying delicious food around the braai. Having each one contribute makes it both interesting and relaxing as one can sit back when it's not your 'turn'.

So once again a weekend to remember and be so grateful for, and these are a few of the comments expressed:


"I loved the comeraderie, and time to get to know people better". "This has to be one of the most beautiful places in the world!" "The hikes were great but also hard!" "The swim at the waterfall was fantastic - so refreshing". "What a treat to be able to just relax in God's beautiful creation".


Thank you to each one for your contribution, and thank you so much Hanli (& others who helped) for organizing it all, even when you were in the middle of the hard work of moving house!

HEATHER DAVIES










Hier staan die mane met tee en gemmerkoekies








# HARKERVILLE 25-27 NOVEMBER 2016


Elf van ons arriveer Vrydag by Harkerville Hut om die roete oor die volgende twee dae te stap. Vroegoggend is almal uit die vere, skarrel rond, eet ontbyt en is ook dan vroeg gereed om te stap. (Hoekom so vroeg? Ek weet nie. Is dit opgewondenheid om 'n nuwe, opwindende roete te stap? Want ses van die elf stappers doen dit vir die eerste keer.

Die dag is perfek. Ons stap deur inheemse bos met pragtige bome. Stop vir 'n versterking by die soom van die woud waar ons afkyk op 'n rotsagtige kuslyn - ongelooflik mooi. Dan is dit met 'n steil houttrap af na onder. Langs die see stap ons oor ronde klippe aan tot by die ketting om 'n groot rots, waar ons rustig(??) ons beurt afwag om aan die ander kant te kom. Daarna is dit aan oor groot en klein klippe deur bosse en ook langs die see. Dis warm en ons wil swem. So kry ons 'n heerlike swemplek sommer so tussen die rotse. Die water is koud teen ons warm lywe maar na die aanvanklike skok is dit heerlik verfrissend. Dis egter te warm vir die wat nie geswem het nie, en ons soek die koelte van bome op vir middagete. Dan is dit op en op, want Sinclair Hut is ons volgende bestemming. Daar aangekom lê en sit almal rustig rond en ontspan tot die vuur later gereed is en ons weereens heerlik saambraai, eet en kuier.


Die volgende oggend word die hele proses herhaal deur vroeg uit die vere en gereed te wees vir die dag se stap. Dis deur kus fynbos aan en dan steil af na onder. Weereens moet ons met behulp van kettings, penne in die rotse vir vashou en om op te trap, lêre af, met bruggies oor skeure, en oor baie steil rotse en oor klippe, stap. klouter en klim soos wafferse bobbejaankind! Ons stop 'n paar keer om te rus en swem ook. Groot pret was ons klipgooi-kompetisie. Ons klippe het allerhande "stunts" uitgevoer wat groot pret besorg het. Dan moet ons weer opklim na bo. Doug, ons leier, kies die roete wat al langs 'n stroompie onder bome deur ons na bo neem. Bo gekom, stop ons eers vir versterkings en kuier lekker saam. Die laaste 5 kilometers is op en af deur inheemse bos tot by die Harkerville Hut. Die roete is sekerlik een van die mooiste en mees uitdagende van al die twee-dag roetes van ons omgewing. Ons groepie het dit terdeë geniet.

Rose Kuyper









## AFSKEIDSFUNKSIE 2016

Berg-en-Dal se afskeidsfunksie het plaasgevind op Saterdagaand 3 Des in die Gereformeerde Kerksaal wat deur die dames op die Bestuur omtower is tot 'n oerwoudsone. Die saal het uit sy nate gebars met almal wat paslik gekleed, opgedaag het. Laat niemand ooit noem dat ons nie 'n vindingryke lotjie is nie! In berekening gebring met sommige van ons uitrustings, het dit duidelik geblyk ons ken van oerwoud en safari; ons is mense van Afrika.. Die prys vir die bes geklede dame en man is toegeken aan Mariaan Schwartz en Geoff Carter onderskeidelik Die bes geklede paartjie was ons ou staatmakers en pioniers Oom Hennie en Tant Annie Mouton. Die ete was 'n driegang maal met lam op die spit, verskeie heerlike slaaie en groente. Vir nagereg kaaskoek met bessiesous wat 'n wenner was op so 'n warm somersaand. Almal het hul borde vol gelaai en daar was genoeg om vir 'n tweede keer te kon skep.

Geoff het sy kitaar saamgebring en ons vermaak met verskeie ou treffers sowel as 'n paar nuwes wat hy gesing het. Hy weet dit dalk nie maar hy het nou vir homself 'n lat gepluk met dié dat hy voortaan sal moet optree met byeenkomste! Hy het sulke lekker musiek gespeel dat sommiges se voete nie langer kon stil gehou word nie en hulle het begin rondskuif op die maat.

Vele hande het gehelp om op te ruim en 'n suksesvolle funksie kon afgesluit word met die wete dat dit genotvol was vir almal. Die lede wil hiermee die Bestuur wat so hard gewerk het, van harte bedank vir die aanbieding hiervan en al die harde werk deur almal, wat betrokke was.

**HETTIE LOURENS**









VOETSLAANKLUB - BERG & DAL - HIKING CLUB

GEORGE

# THE END